

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
 Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 6: Toldot (תולדות) – Geslagte / Generasies

En dit is die geskiedenis van Isak, die seun van Abraham: Abraham was die vader van Isak.
 Gen. 25:19

Torah: Gen. 25:19 tot 28:9

Haftorah: Maleagi 1:1 tot 2:7

Nuwe Verbond: Luk. 3:1 tot 18; Rom. 9:6 tot 16; Heb. 11:20; Hebr. 12:14 tot 17

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 6 wat afgelaai kan word by: [Parashah6Notas14](#) en by [Parashah6Notas15](#).

The past is your lesson and the present is your gift, but the future is your motivation! – Anonymous.

It is not pleasure that makes life worth living. It is life that makes pleasure worth having – George Bernard Shaw.

Life is what man makes of it, no matter of what it is made – Leo Gartenberg

Midrash (Torah Bespreking)

Ons Geskiedenis Begin Ook By Abraham!

Die King James vertaling van Gen. 25:19 lees: *And these are the **generations** of Isaac, Abraham's son: Abraham begat Isaac*, wat dit vir ons duidelik maak waarom die naam van hierdie week se parashah *Generasies (Geslagte)* is.

Ons is deel van die generasies na wie parashah *toldot* verwys, want Abraham is die vader van Isak, maar Abraham is ook ons voorvader. Abraham is die vader van ons geloof (vertroue) tot geregtigheid en daarom is ons wat glo in Yeshua as die Lam van YHVH tot vergifnis van sonde, die nageslag van

Abraham en deel van Israel. Ons word, soos Abraham, alleenlik deur geloof in Yeshua as die Messias gered en regverdig verklaar

Ons kom dus tot die gevolgtrekking dat die mens onskuldig verklaar word deur vertrouwe en nie deur die doen van die geskrewe wet nie.

Of is God net God van die Jode en nie ook van die ander nasies nie? Ja, ook van die ander nasies, want daar is net een God, wat die besnedenes deur vertrouwe en die onbesnedenes deur vertrouwe onskuldig verklaar. Rom. 3:28 tot 30 – PWL¹.

En dan skryf Paulus in Gal. 3:7 en 29 die volgende:

Julle verstaan dan dat die wat uit die geloof is, hulle is kinders van Abraham.

En as julle aan Messias behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename.

Ons geskiedenis begin ook by Abraham. Daarom is dit meer korrek om te praat van ons ‘Abraham-wortels’ as van ons Hebreuse wortels! Abraham was ‘n Hebreër omdat hy ‘n afstammeling van Eber was. Hy was deur YHVH geroep om uit Ur van die Chaldeërs (antieke Babilon) te trek na die Beloofde Land Kanaän. Ons moet onthou dat al die ander afstammeling van Eber wat agter gebly het ook Hebreërs was. Abraham is nie gered omdat hy ‘n Hebreër was nie, maar omdat hy in YHVH geglo het en dit hom tot geregtigheid gereken is. Die basis van ons geloof is dus nie ons Hebreuse wortels nie, maar wel ons vader Abraham.

Dan is dit ook baie belangrik om te verstaan dat Abraham se geloof nie deur die fisiese eersgeborene (Ismael) voortgesit is nie, maar wel deur die geestelike eersgeborene, naamlik Isak. Hierdie beginsel word herhaal met die geboorte van Esau en Jakob. Esau was die fisiese eersgeborene, maar Jakob was die geestelike eersgeborene.

Daarom dien ons die God van Abraham, Isak en Jakob. Ons moet in hulle voetspore stap – voetspore van vertrouwe in die genade van YHVH en van gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies, naamlik Torah soos dit YHVH se Eersgeborene Yeshua vervul is! Ons moet met ons geestesoe sien wat ons voorvader Abraham gesien het, naamlik die (weder)koms van Yeshua Messias!!

In die Skrifte van die nuwe verbond word die woord ‘Hebreër’ slegs een keer gebruik (Fil. 3:5) en die woord ‘Hebreërs’ word slegs drie keer gebruik (Hand. 6:1; 2 Kor. 11:22 en Fil. 3:5). Paulus skryf aangaande homself die volgende in sy brief aan die Phillipense:

Ek is besny op die agtste dag, uit die geslag van Israel, uit die stam van Benjamin, ‘n Hebreër uit die Hebreërs; wat die wet betref, ‘n Fariseër. wat ywer betref, ‘n vervolger van die gemeente; wat die geregtigheid in die wet betref, onberispelik. Fil. 3:5 en 6.

Maar let daarop dat hy nie daarop roem dat hy ‘n Hebreër of ‘n Fariseër is nie, of dat hy wat die geregtigheid volgens die wet betref onberispelik is nie! Nee, want in Fil. 3:7 tot 14 sê Paulus.

maar hiërdie, wat vir my voordele was, beskou ek as verliese, as gevolg van Die Gesalfde Een. Ek beskou ook al hierdie dinge as verlies ter wille van die verhewe kennis van Yeshua, Die Gesalfde Een, my Meester, ter wille van wie ek alles verloor het en as gemors beskou het, om Die Gesalfde Een as wins te verkry en dat ek in eenheid met Hom gevind sal word, nie met my onpartydige opregtheid wat uit die geskrewe wet is nie, maar dié wat deur die vertrouwe van Die Gesalfde Een is, die onpartydige opregtheid wat uit God is sodat ek Yeshua en die wonderwerkende krag van Sy opstanding daardeur kan ken en kan deel aan Sy lyding en gelykvormig gemaak kan word aan Sy dood sodat ek miskien in staat sal wees om die opstanding uit die dood te kan behaal.

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch:

Nie dat ek dit nou al gekry het of al volmaak gemaak is nie, maar ek hardloop asof ek dit in besit kan neem, waarvoor ek ook deur Yeshua, Die Gesalfde Een, in besit geneem is.

My broers, ek reken nie dat ek dit self in besit geneem het nie, maar een ding weet ek: dit wat agter my is, het ek vergeet en ek strek my uit na wat voor is en hardloop na die einddoel om die prys te verkry van die hoogste roeping van God in Yeshua, Die Gesalfde Een (PWL).

Die wyse wat die meerderheid gelowiges hulle Hebreuse wortels as vertrekpunt van hulle geloof beskou, asook die wyse wat Rabbynse Judaïsme opghemel word, laat die vraag ontstaan of daar met Paulus se siening geïdentifiseer word. Ons moet volgelinge van Die Weg wees! En hierdie weg het begin met Abraham en is deur Yeshua vervul en deur die Apostels verkondig en geleef! Luister weer aandagtig na die woorde van Paulus soos hy hierdie Weg beskryf:

Ek beskou ook al hierdie dinge as verlies ter wille van die verhewe kennis van Yeshua, Die Gesalfde Een, my Meester, ter wille van wie ek alles verloor het en as gemors beskou het, om Die Gesalfde Een as wins te verkry

en dat ek in eenheid met Hom gevind sal word, nie met my onpartydige opregtheid wat uit die geskrewe wet is nie, maar dié wat deur die vertrouwe van Die Gesalfde Een is, die onpartydige opregtheid wat uit God is

sodat ek Yeshua en die wonderwerkende krag van Sy opstanding daardeur kan ken en kan deel aan Sy lyding en gelykvormig gemaak kan word aan Sy dood

sodat ek miskien in staat sal wees om die opstanding uit die dood te kan behaal.

Bepeins of Bespreek

1. Is Yeshua, Die Gesalfde Een, jou wins wat jy verkry het deur alle ander dinge wat jy as belangrik beskou het, prys te gee? Anders gestel: Is die ‘wins’ van jou Hebreuse wortels en die ‘wins’ van Rabbynse Judaïsme besig om die wins van Yeshua kleiner te maak? Ek vra dit in die lig daarvan dat so baie in die Messiaanse Beweging, wat bekoor is deur Rabbynse Judaïsme, ‘n ander siening kry van die lewe en bediening van Yeshua – een wat strydig is met die Skrifte van die nuwe verbond! Hulle begin om sekere Skrifgedeeltes van die nuwe verbond te bevraagteken en op die wyse die Naam (Karakter en Outoriteit) van Yeshua te laster! Hulle is besig om ‘n ander Yeshua te verkondig as die Yeshua van die ou en die nuwe verbond!
2. Ons moet onthou dat Rabbynse Judaïsme is vyande van die kruis van Yeshua, want hulle het Yeshua as Messias verwerp toe Hy bykans twee duisend jaar gelede na Sy volk gekom het. Daarom sê Paulus:

Volg my na, my broers en let op na dié wat leef volgens die voorbeeld wat julle in ons gesien het, want daar is baie wat anders leef, van wie ek dit baie vir julle gesê het en nou ook huilend sê: hulle is vyande van die kruis van Die Gesalfde Een. Fil. 3:17 tot 19 – PWL.

Daarom het Yeshua ons gewaarsku teen die suurdeeg (die leringe) van die Fariseërs (Rabbynse Judaïsme) (Matt. 16:16), want hulle het ‘n ander vader as YHVH-Vader gekies toe hulle vir Pilatus gesê het om Bar-Abba (seun van vader) los te laat.

Toe Pilatos besef dat niks help nie, maar eerder ’n oproer veroorsaak word, het hy water gevat en sy hande voor die skare gewas en gesê: “Ek is onskuldig aan die bloed van hierdie Onskuldige Een; soos julle kan sien”

en die hele volk antwoord en sê: “Sy bloed is op ons en op ons kinders!”

Toe laat hy Bar-Abba vir hulle vry, maar Yeshua het hy laat gésel met swepe en oorgelewer om gekruisig te word. Matt. 27:24 tot 26 – PWL.

Daarom het Yeshua vir hulle gesê:

Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was ’n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen

waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan. Joh. 8:44.

Talle in die Messiaanse Beweging glo nie eers hierdie woorde van Yeshua nie, maar volhard om by die voete van die Rabbies van Rabyne Judaïsme te sit. Wie is jou Rabbi? 'n Artikel oor hierdie onderwerp kan gelees en afgelaai word deur op die volgende skakel te klik: [Okt15Leermeester](#) .

3. Hoekom beskou so baie gelowiges in die Messiaanse Beweging die outeurs van die Skrifte van die nuwe verbond nie in dieselfde lig as die skrywers van die Skrifte van die ou verbond nie? Baie het die siening dat die Skrifte van die nuwe verbond slegs as kommentaar op die Skrifte van die ou verbond beskou moet word en dat dit met 'n fyn kam van agterdog gelees moet word. Nee, die Skrifte van die nuwe verbond is ook deur die Afgesonderde Gees geïnspireerd en is die voltooiing van YHVH se plan van herstel. Dit is geskryf deur mense wat deeglik in Torah onderrig was en wat met die Afgesonderde Gees gedoop was!

Die Beginsel Van Die Tweede Bo Die Eerste

Ek wil elkeen aanmoedig om die uitstekende artikel van Ina van Niekerk oor hierdie onderwerp te lees. Dit kan gelees en afgelaai word by: [BeginselEersteTweedeHersien2015](#). Aangesien hierdie week se parashah ondermeer handel oor die geskiedenis van Jakob en Esau wil ek net enkele gedagtes uit Ina se artikel gebruik.

Soos reeds genoem is dit baie belangrik om te verstaan dat Abraham se geloof nie deur die fisiese eersgeborene (Ismael) voortgesit is nie, maar wel deur die geestelike eersgeborene, naamlik Isak. Hierdie beginsel word herhaal met die geboorte van Esau en Jakob. Esau was die fisiese eersgeborene, maar Jakob was die geestelike eersgeborene.

Hierdie patroon van die tweede bo die eerste word ook in die Skrifte herhaal soos byvoorbeeld in die geval van:

- Efraim en Manasse, Josef se seuns. Hoewel Manasse die oudste was, het Jakob vir Efraim as die eersgeborene geseën.
- Koning Saul en Koning Dawid. Ook die eerste koning, koning Saul was nie die uitverkore koning nie, maar wel Dawid wat nà hom gekom het.
- Dawid en Bātseba se twee kinders. Die eerste seun (eersgeborene) van Dawid het gesterf omrede dit deur 'n buite-egtelike verhouding gebore was. Maar Dawid se tweede seun, Salomo, is gekies om koning van Israel te word, asook om die eerste tempel te bou.
- Die eerste Adam en die laaste Adam. Die eerste Adam is 'n sinnebeeld van die fisiese of natuurlike en die laaste Adam wat Yeshua is, is die lewendmakende Gees.

So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam 'n lewendmakende Gees. 1 Kor. 15:45.

Die patroon van die tweede bo die eerste, is dus 'n sinnebeeld van die fisiese en geestelike realms. Die fisiese realm word eerste deur mense waargeneem en beleef, en die meeste mense leef net in daardie realm. Die tweede stel die geestelike realm voor waarin YHVH woon. Hy is Gees en daarom lees ons in in Joh. 4:24:

“God is Gees; en die wat Hom aanbid moet in gees en waarheid aanbid.”

Volgens die geskiedenis sien ons ook eers Jakob wat in die fisiese realm leef, maar na sy worsteling met 'n Man (Yeshua) by Jabbok word Jakob se naam verander na Israel (*Yisra'El* – Hy wat heers is El) en betree hy die geestelike realm.

maar Ya'akov het alleen agtergebly en 'n Man het met hom gestoei tot dagbreek toe.
 Toe Hy sien dat Hy hom nie kon wen nie, slaan Hy hom op sy heupbeen sodat die heupbeen van
 Ya'akov uit lit geraak het soos hy met Hom gestoei het.
 Hy sê: "Laat My gaan, want die dag het gebreek." Hy antwoord: "Ek sal U nie laat gaan nie, tensy U
 my seën."
 Hy vra hom: "Wat is jou naam?" Hy antwoord: "Ya'akov."
 Hy sê: "Jy sal nie meer Ya'akov genoem word nie, maar Yisra 'el, want jy het krag soos 'n prins
 gehad teenoor God en die mense en het oorwin."
 Ya'akov vra en sê: "Maak asseblief U Naam (Karakter en Outoriteit) bekend!" Hy antwoord:
 "Waarom vra jy na My Naam?" Hy het hom daar geseën.
 Ya'akov het die plek P'ni-El genoem; ek het God van gesig tot gesig gesien en tog is my lewe gered.
 Gen. 32:24 tot 30 – PWL.

Jakob was nie die eersgeborene nie (Gen. 25:25 en 26), maar hy het wel oor die eersgeborene (Esau) geheers (Gen. 25:23). Hierdie is 'n sinnebeeld van die geestelike wat oor die vleeslike (die fisiese) moet heers.

Jakob se ontmoeting (worsteling) met die Man van YHVH (Yeshua) is 'n sinnebeeld van wedergeboorte. Nou kon Jakob sy verlede oorwin en daaroor heers.

Wedergeboorte – Die Tweede Wat Oor Die Eerste Heers.

Ons moet wedergebore word sodat ons in die geestelike realm kan lewe – sodat die geestelike oor die fisiese (vleeslike) kan heers. In haar atikel skryf Ina die volgende:

Die hele kwessie van wedergeboorte is die uitoefening van hierdie geestelike wet, naamlik dat die fisiese tydelik is en vergaan, terwyl die geestelike ewig is. Die groot probleem is dat die fisiese eerste is, net soos wat 'n baba eers fisies gebore moet word voordat hy geestlik gebore sal kan word en dit moet ons aandag geniet.

*Johannes 3:3, 6 "JaHUsa antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie **weregebore word nie**, kan hy die koninkryk van Elohiem nie sien nie. Wat uit die vlees gebore is, is vlees, en **wat uit die Gees gebore is, is gees.**"*

Nou moet ons 'n tweede keer gebore word, hierdie keer geestelik, sodat ons kan deel hê aan die geestlike realm wat ewig is. Net diegene wat 'n tweede keer gebore is, geestelik gebore is, het die lewe wat ewig is en sal die koninkryk van Elohiem sien. Die ewige lewe is juis die geestelike realm. Mens kan sê dat die vlees misluk het weens die sondeval en dat die geestelike proses dit moet vervang. Net soos wat die pottebakker met die eerste poging misluk het in sy doel en toe vir die tweede keer weer dieselfde klei moes gebruik om sy voorwerp te maak.

Jeremia 18:3 – 4 "Toe het ek afgegaan na die huis van die pottebakker, en hy was juis besig om 'n stuk werk op die skywe te maak.

En die voorwerp wat hy besig was om te maak, het misluk – soos dit gaan met klei in die hand van die pottebakker – maar hy het daaruit weer 'n ander voorwerp gemaak soos dit in die oë van die pottebakker reg was om dit te maak."

Die vlees wat dus eerste is, misluk, daarom moet ons vir 'n tweede keer deur ons Maker, die Pottebakker gemaak word.

Daarom moet alles wat jy van geboorte af geërf het, nuut gemaak word, al is dit goeie eienskappe. Goeie eienskappe of talente moet ook "oorgemaak" word deur die Pottebakker. Iemand wat sing, sal nà sy "oormaking" of wedergeboorte sy Skepper wil loof. Hy sal nog sing, maar dit sal anders wees as voor die geestelike ontwaking. So ook met 'n skilder of enige ander gawe. Dis goeie eienskappe of talente wat nou geestelik aangewend word.

Ons erf ook geaardhede in die fisiese realm. Daardie “aard na wie ook al” Moet deur die tweede “aard na JaHUsha” oorheers word. Dit is heiligmaking. Ons het nou ‘n nuwe “aard na” van geestelike oorsprong uit ons Maker. Laat Sy “aard na” heers oor die eerste “aard na”.

Ons kan dus nou tot die slotsom kom dat net dit wat spruit uit die geestelike, welbehaaglik is voor ons Maker. Dit sluit alles in wat spruit uit die geloof in JaHUsha, uit die vertrouwe op JaHUaH en om met Sy Gees in ons binneste vervul te wees.

As kinders van JaHUaH moet ons leer om te onderskei tussen die 1e en die 2e, tussen dit wat ons fisies gekry het en dit wat ons van ons Hemelse Vader gekry het.

Die Gees Versus Die Vlees

Die kinders het teen mekaar baklei binne-in haar. Toe sê sy: “As dit reg is so, hoekom leef ek?” Sy het gegaan om van יהיה te vra en יהיה het haar geantwoord: “Twee nasies is in jou baarmoeder en twee volke sal geskei word vanuit jou liggaam en die een volk sal sterker wees as die ander volk en die oudste sal die jongste dien.” Gen. 25:22 en 23 – PWL.

Ons elkeen kan in vele opsigte met Rebekka identifiseer, want in ons binneste voer die gees en die vlees dikwels ‘n stryd. Elkeen van ons besit sommige van die hoedanighede van beide Jakob en Esau! Ons het egter die geestelike potensiaal van ‘n Jakob om deur vertrouwe en gehoorsaamheid ons erflating in Yeshua in besit te neem en ‘n lewe van oorwinning te leef. Hierdie is die nuwe wedergebore mens in Yeshua wat deur die vernuwning van die gemoed kan lewe volgens die goeie en welgevallige en volmaakte wil van YHVH (Rom. 12:1 en 2).

Maar dan ondervind ons ook dikwels in ons binneste die Esau-mens wat in opstand teen die Jakob-mens kom. Dan dink, praat en doen ons die dinge wat ons nie wil doen nie, want die ou mens is wel gekruisig, maar hy het nog nie gesterwe nie. Die sondige vlees kom in opstand teen YHVH se Torah wat op my hart geskrywe is en in my verstand gegee is. Die Esau-mens wil die Torah van YHVH op my hart uitvee en dit uit my verstand wegneem.

Paulus identifiseer ook met hierdie innerlike stryd en beskryf dit soos volg:

want wat ek doen, verstaan ek nie en dit is ook nie enige iets wat ek gekies het nie, maar dit wat ek gehaat het, dit het ek gedoen. As ek enige iets doen wat ek nie wil nie, dan getuig ek dat die geskrewe wet goed is, maar dat dit nie nou ek is wat dit doen nie, maar die sonde wat in my bly, want ek weet dat in my, dit is in my vlees, die goeie nie bly nie, want dit is maklik vir my om bly te wees oor die goeie, maar ek kan dit nie doen nie, want die goeie wat ek gekies het om te doen, het ek nie gedoen nie, maar die bose wat ek nie wou doen nie, dit het ek gedoen. As ek enige iets doen wat ek nie wou nie, dan was dit nie ek wat dit gedoen het nie, maar die sonde wat in my bly. Ek vind dus ‘n wet, wat met my gewete saamstem, wat kies om die goeie te doen, omdat die bose naby my is, want ek verheug my in die wet van God vanuit die innerlike mens, maar ek sien ‘n ander wet in my lede wat oorlog maak teen die wet van my gewete en my gevange hou aan die wet van die sonde wat in my lede is. Ek is ‘n ellendige mens! Wie sal my red uit hierdie liggaam van die dood? Ek dank God: Deur ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een! Daarom is ek nou met my gewete ‘n slaaf van God se wet, maar in my vlees ‘n slaaf van die wet van die sonde. Rom. 7:15 tot 26 – PWL.

Wanneer Paulus vra: *Wie sal my red uit hierdie liggaam van die dood*, dan vra hy inderwaarheid wie sal hom red van hierdie binding van die wet van die sonde en die dood (Rom. 8:2) wat die liggaam (die vlees) as woning gebruik. Die antwoord verklaar Paulus, is alleenlik deur sy Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een, want alleenlik in Hom is daar geen veroordeling indien ons nie meer na die vlees lewe nie, maar na die Gees (Rom. 8:1 en 2). Dan is ons besig met die proses waar die Gees die vlees onderdruk – dit is heiligmaking, naamlik om afgesonderd te lewe!

Dit is om te onderskei tussen die eersgeborene en die tweede geborene en om dan seker te maak dat die tweede oor die eerste sal heers! Dit is heiligmaking en die uiteindelijke gevolg sal die sterwe van die vlees wees.

This has been my guiding principal in YHWH's Vineyard. Rather than redirecting our fleshly desires, let's allow them to be slain with Messiah. Rather than trying to "improve self", lets put self to death. For when we die to self, we live in Him – Anonymous.

Bepeins of Bespreek

1. Nou is die vraag: Het jy die tweede, of het jy net die eerste? Leef jy uit die fisiese of leef jy uit die geestelike? Is jy werklik weergebore en het daar nà jou wedergeboorte so iets dergeliks plaasgevind sodat jy net wil leef uit die geestelike? Ons noem dit Geesvervulling. Mens kan dit ook gehad het en dit weer verloor het. Om gered te word is om skoon gewas te word. Dan word ons daarna aangetrek met die Gees van JaHUsa deur Geesvervulling (Ina van Niekerk – ‘Die Beginsel Van Die Tweede Bo Die Eerste’).

Die Priesterorde van Melgisedek

So vind ons ook wat die priesterordes aanbetref ‘n eerste en ‘n tweede. Die eerste Levitiese priesterorde was volgens die fisiese en die tweede priesterorde van Melgisedek is volgens die Geestelike. Die tweede het die eerste vervang met die folterdood en opstanding van Yeshua.

*Net soos daar 'n verandering in die priesterskap gekom het, net so was daar 'n verandering in die reëls,
want Hy van Wie hierdie dinge gesê word, behoort aan 'n ander stam, waaruit niemand nog ooit by die altaar bedien het nie,
want dit is bekend dat ons Meester vanuit Y'hudah opgegroeï het; 'n stam waarvan Moshe niks aangaande die priesterskap gesê het nie.
Nog baie duideliker is dit: dat hy sê dat 'n ander nie-Levitiese Priester volgens die beeld van Malki-Tzedek opstaan.
Hy wat dit nie was volgens die wet van opdragte, na die liggaamlike, nie, maar deur die krag van lewe wat nie vernietig word nie,
want Hy getuig aangaande Hom: "U is nie-Levitiese Priester vir ewig volgens die beeld van Malki-Tzedek," Heb. 7:12 tot 17 – PWL.*

Elkeen wat vertrou het in Yeshua as Die Gesalfde Een is vry van die fisiese offerhandes volgens die Levitiese priesterorde en bring nou in gehoorsaamheid volgens die Torah, soos dit in Yeshua vervul is, Geestelike offers as koninklike priesters van die Melgisedekorde. Yeshua is ons Ewige Hoëpriester wat hierdie geestelike offers ontvang en as ons Middelaar by YHVH in die hemelse tabernakel optree. Dit is die geestelike wat oor die fisiese nou heers! Die ewige heers oor dit wat tydelik was.

Bepeins of Bespreek

1. By watter altaar dien jy en na watter altaar bring jy jou offerande? Is dit na die altaar van die Levitiese priesterorde of is dit na die altaar van die Melgisedek priesterorde? Onthou daar kan net een priesterorde wees! Ook hier geld die beginsel van die tweede oor die eerste – die nuwe (herstelde) oor die oue!
Deurdat Hy sê 'nuwe,' het Hy die eerste as oud verklaar en dit wat verouderd en oud is, is naby vernietiging. Heb. 8:13 – PWL.
2. Om vas te hou aan die Levitiese priesterorde is om Yeshua as Messias en Hoëpriester te verwerp!
Dit is wat Rabyne Judaïsme gedoen het en steeds doen.

Nota:

Die artikel: ‘Die Orde Van Melgisedek Teenoor Die Levitiese Priesterlike Orde’ deur Ina van Niekerk word sterk aanbeveel. Dit kan afgelaai word by: [MelgisedekLevitieseHersien2015](#)

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete.
Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.